

# Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Gesinserediens saamgestel deur:

Ds Martiens Swart - 3 Mei 2020

Gaan sit op 'n stil en rustige plek saam met jou gesin en kry jou Bybel en dan hou ons saam erediens.

- **Die Begin en Seëngroet:**

Ons gaan nou met die Here spesiaal saam wees. Hy wil aan die begin vir jou sê:

**Genade vir jou...** dit wil sê: Verniet is daar vir jou uit sy hande wat jy regtig nodig het.

**En vrede vir jou...** dit wil sê: Hy het alles in sy hande en hy sal dit laat uitwerk soos dit moet.

(Dit kom van die lewende God van die Bybel af... en dit is vir jou)

- **Kom ons sing 'n Lied vir die Here omdat ons in Hom glo en hy ons liefhet:**

Kom tot die Heer met al u verdriet,  
Kom nou na Hom wat redding u bied.  
Hy het sy bloed vir sondears vergiet;  
Hoor na sy roepstem: "Kom!"  
Heerlik, heerlik sal die vreugde toon  
Eenmaal klink waar vrygekooptes woon,  
As ons vergader rondom die troon,  
Daar waar Gods eng'le staan.



- **Nou gaan ons bid...**

**Ons gaan die Here vra om hierdie geleentheid 'n spesiale saamwees met Hom te maak:**

Here, om met U saam te wees is baie spesiaal as ons mooi daarvoor dink. Help ons om heeltyd te weet U is by ons en help ons dat hieruit iets sal kom wat baie in ons lewens vir ons sal beteken... en wat U sal verheerlik.

- **Nou gaan ons luister na wat die Here vir ons wil sê uit die Bybel:**

Ons lees vandag uit Nehemia na die treffende gebeure in die lewe van Nehemia en van die Here se mense wat in Juda in Jerusalem agtergebly. Die ander is deur die Babiloniërs in oorlog gewen en gevat na hulle land Babilonië. Nehemia is in die vreemde land... hy werk in die koning se paleis. Hy het blykbaar 'n lekker werk en 'n goeie verhouding opgebou met die koning Artasasta.

**Nehemia1:1-11 net sekere verse:**

<sup>1</sup> ... “Ek was in die vestingstad Susan. <sup>2</sup>Ganani, een van my mede-amptenare, het daar aangekom uit Juda, hy en 'n paar ander manne...”

*(Toe vra hy hoe dit gaan met sy medegelowiges daar ver in Juda waar hulle agtergebly het... En die antwoord was, soos volg:)*

<sup>3</sup>...hulle “beleef daar in die provinsie Juda groot ellende en smaad. Die muur van Jerusalem lê om, en die stadspoorte is verbrand”.

*(Hoor net wat was Nehemia se reaksie:)*

<sup>4</sup>“By die aanhoor van dié woorde het ek gaan sit en gehuil en dae lank getreur. Ek het gevas *(hy het kos ens. wat vir hom lekker was,*



*alles gelos om by die Here te wees en met die vreeslike nuus voor Hom te wees.)... en tot die God van die hemel gebid”.*

*(Hier is dele van sy gebed:)*

<sup>5</sup> “Ag, Here, God van die hemel, groot en ontsagwekkende God wat u verbond en u trou handhaaf teenoor dié wat vir U liefhet...

<sup>6</sup> ... Ek bid vir u dienaars, die Israeliete, ek doen belydenis van die sondes wat ons teen u begaan het. Ook ek en my familie het gesondig.”

*Dan vra hy genade by die Here vir sy mense en om hulle weer te help... en dat die Here hom sal help om hulle te gaan help - dat die koning toestemming vir hierdie hulp sal gee.*

- Oral oor die wêreld heen is daar 'n krisis en dit gaan sleg met baie mense. Tussen al hierdie mense is mede-gelowiges, mense wat soos ons, in die God van die Bybel glo.

Hoe raak dit jou? Hoeveel gee jy om vir jou mede-gelowiges naby en ver wat ly?

Dit het my geskok toe ek dit vir myself begin vra het... want mens kyk nuus, en jy sê: “Sjoe!”, maar ons vergeet net so gou weer daarvan, kyk die volgende interessante TV verhaal en gaan rustig slaap.

Miskien sal ons nog dink... as dit net nie met my geliefdes gebeur nie... dalk sal dit ons skok as dit met mede gemeentelede of outjies in dieselfde skool of mense van ons werk gebeur. Skok ja, want dit kom al nader aan onself; maar hartseer word oor dit... baie min.

- Mag dit ons diep binne verander as ons vining kyk na die lewe en gesindheid van Nehemia wat 'n treffende boodskap opsigself is.



1) Nehemia is in 'n gerieflike posisie in die koning se paleis met 'n lekker werkie en hy kon maklik gesê het: "Ag shame, die mense daar waar ek vandaan kom kry maar swaar, maar gelukkig is ek nie nou daar nie". Jy hoef nie in die buiteland te sit en so aan die mense in Suid-Afrika te dink nie. Dalk sit jy net iewers in Suid- Afrika, in Wonderpark of Kaapstad en sê: gelukkig sit ek nie nou in 'n ouetehuis, in die platteland of in 'n karavaanpark... of wat van op straat of in 'n plakkerskamp, in hierdie tyd nie. En dan sonder 'n verdere gedagte kan jy dalk iets uit jou vol yskas gaan haal en skuins op die bank gaan lê en TV kyk. Ai, ons kan harteloos en selfsugtig word... as mense wat selfs ernstig met die Here is.

Ons lees in 1 Johannes 3:17 "Maar wie die goed van die wêreld het en sy broer sien gebrek ly en sy hart vir hom toesluit, hoe bly die liefde van God in hom?"

Hoor daarmee saam die woorde uit 1 Korintiërs 13:2 as "...ek geen liefde het nie, dan is ek niks..(en) baat (alles).. my niks."

- Die punt is gemaak... die boodskap druk die vinger op ons elkeen se hart... hoe raak ander jou dan so min???
- Nog een treetjie verder. Dit is absoluut 'n inspirasie om verder in Nehemia te gaan lees hoe hy onder moeilike omstandighede sy medegelowiges gaan inspireer het en gehelp het om die muur van Jerusalem weer te herbou. Die muur was 'n simbool van die lewens van medegelowiges en die volk van God en om dit weer op te bou sodat hulle hom kon aanbid en eer en met dank voor Hom selfs kon feesvier.

1 Johannes 3:18 "...ons liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word, en dan in opregtheid".



- Kom ons begin iewers, al is dit klein: stop baie meer en dink lank aan die nood van ander, ook medegelowiges... arm en siek, totdat dit jou diep raak...bid vir hulle en dink aan iets wat jy kan begin doen vir iemand anders.

- **Kom ons bid nou saam:**

Here Jesus Christus... U wat u lewe vir ons opgeoffer het tot by die kruis terwyl ons dit nie verdien nie. Maak ons oë oop vir mense wat swaar kry om ons. Help ons Heilige Gees om dan ons harte oop te maak en toe te laat dat ons weer diep geraak sal word daardeur en dan iets vir 'n ander sal begin doen as 'n daad van liefde.

Amen

- **Kom ons praat nou oor hoe ons ons liefde aan die Here en aan ander deur 'n offergawe kan bewys:**

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer. U as gesin kan EFT, of snapscan of via payfast in betaal.



NG Wonderpark.  
Absa Tjekrekening 1460165489  
Takkode:632005  
Verwysing: Dankoffer.

- **Dis nou tyd om 'n lied te sing, want onthou hoe lief die Here ons het:**

Heer ons dink aan Afrika, land van helder son.

Soveel mense wat hier woon, wag op God se woord.

Mense smagtend in hul nood, na die God van hoop.

Hoor ons smeekgebed, O Heer, Vader wat regeer.



Bring die liefde van ons Heer na die mense wat hier woon.  
Seën Afrika! Laat ons saam in vrede woon.

Heer ons bid vir Afrika, waar U ook regeer.

Raak die harte aan, om tot U te keer.

Laat U koningkryk hier kom en U wil geskied.

Hoor ons pleit vir Afrika, Vader as ons vra.

Bring die liefde van ons Heer na die mense wat hier woon.

Seën Afrika! Laat ons saam in vrede woon.

- **Vat nou dit persoonlik op wat die Here vir ons sê in die**

- **Seëngroet:**

Die genade van ons Here, Jesus Christus; en die groot intense liefde van God, die Vader; en die hulp van die Heilige Gees wat by ons is... sal met ons wees, sodat ons weer geraak kan word deur die nood van ander en liefde kan bewys.

Gaan dan heen. Gaan in vrede.

My kind gaan doen - wat Ek van jou vra:

Versprei My lig, gaan leef My liefde.

My kind onthou Ek is altyd daar.

Kyk Ek gaan voor jou uit. Ek maak jou pad gelyk.

Ek is langs jou om jou veilig vas te hou.

Ek is agter jou. Ek keer die bose weg van jou.

Ek is onder jou - as jy sou val, dan dra Ek jou.

Gaan dan heen. Gaan in vrede.

My kind gaan doen - wat Ek van jou vra:

Versprei My lig, gaan leef My liefde.

My kind onthou Ek is altyd daar.



Kyk Ek is rondom jou want Ek beskerm jou.  
Ek is bokant jou want Ek wil jou graag seën.  
Ek is binne jou. Ek lei jou deur my Heilige Gees,  
Die seën van God Drie-Enig sal vir ewig by jou wees.

